PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In u lig sien ons die lig.
JAARGANG XXVIII DONDERDAG, 10 MEI 1973 Nr. 5

CACHET APTEEK
Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# KARNAVAL '73

## Voorsitter aan die woord

Karnaval '73 is hier! Vir elke PUK 'n hoogtepunt in die jaar waarna so lank uitgesien word. Weereens het die Karnavalkomitee gepoog om iets aan die studente te bied wat hulle „nooit" sal vergeet nie. Daar lê hierdie jaar egter 'n groot verantwoordelikheid op die Pukke self.

Die SKK het reeds verlede jaar begin werk aan hierdie belangrike deel van ons studentelewe. Vroeg reeds is debutantelyste uitgegee en aan die begin van hierdie jaar kollektelyste. Die geld wat hierdeur verkry word sal aan liefdadigheidsorganisasies gaan soos alle ander gelde maar meer belangrik — dit word ook aangewend om weer aan die Pukke terug te gee in die vorm van vermaaklikheid op die kampus.

Daar is verder met Karnaval 'n groter mate van aktiewe deelname van u as Pukke. Met die interkoshuis kompetisies gaan ons groot hoogtes bereik. Waar het dit 'n PUK al ooit aan oorspronklikheid ontbreek. Daar is 'n groot entoesiasme in hierdie verband soos u seker opgemerk het die afgelope naweek.

Pukke, dit is weer tyd vir Karnaval jolyt. Niemand anders kan jolyt hou soos Pukke nie, daarom vra ons u — gee u oor aan Karnaval. Neem dee en help om dit onvergeetlik te maak.

## Film Premiére

Ja, Karnavaltyd het aangebreek en wel met die film premiere. Die keuse van 'n rolprent het hierdie jaar op „*Die Sersant en die Tiger Moth*" geval. Wat dit des te meer merkwaardiger maak, is dat tagtig persent van die rolprent op en in die omgewing van Potch geskiet is.

Verder is van ons eie Puklokale gebruik asook van ons eie studente. Dit was werklik 'n aangename ervaring vir die Pukke om daarin op te tree.

Met Don Leonard in een van die hoofrolle en Katinka Heyns en George Ballot in die ander, was dit voorwaar 'n treffer hier!

Ons was selfs vergas met die teenwoordigheid van Don Leonard en ander hoë amptenare van Quadro-films, mnre. De Wet Groenewald en Dawie Fourie. Ook ons geagte Rektor, Prof. Bingle, asook die Registrateur, mnr. Schutte, het die premiere bygewoon.

Om meer luisterrykheid aan ons premiere te verleen, het Kinekor by name van mnr. David Issaacs, vir Mickey Mouse saamgebring wat dan ook op sy beurt die Pukkie amptelik aan die Rektor oorhandig het.

Om die mens met musiek te vermaak, het Alabama-ritmegroep die verhoog beset en die gehoor werklik vergas met hulle musiek!

Ons dank ook aan Quadrofilms vir die donasie wat hulle geskenk het om ons Karnavalfonds te sterk!

Pukke, dit was die begin van 'n baie groot Karnaval — Laat ons groot gaan en alles geniet — neem deel aan alle kompetisies en laaste maar nie die minste nie, moet nie die doel van Karnaval vergeet nie!

Groete.




**FOTO BO: Dames van Karlien glimlag breed ten aanskoue van die eerste Karnavalplakkaat.**
*Foto: Fotokuns.*

## Opening-seremonie

Dit is weer tyd om van alle akademiese frustrasies ontslae te raak en jou student-wees na hartelus uit te leef vir 'n hele week lank.

Donderdag neem die grootste fees ooit op die Puk 'n aanvang. Op seremoniële wyse gaan ons akademie vermoor en begrawe, op so 'n egte wyse, dat selfs die grootste akademiese wrak 'n weersin daarin sal kry.

Ou Fanus het ingewillig om te kom deel in ons feeste, en ons sien baie uit na dit wat hy spesiaal vir ons wil kom sê. Wie hom nog nie in lewende lywe gesien en hoor praat het nie, het sowaar nog nie 'n groot fees bygebring nie.

Pukke, julle sal Donderdagaand die ganse Radio Hoëveld vir julle self hê. Maak dus van die geleentheid gebruik om vir oupa, ouma, moeder en vader of vir wie julle ookal wil, boodskappe oor die lug te stuur.

En om die kroon op 'n groot aand te plaas gaan 'n blaasorkes van die gevangenisdiens vir ons lekker umpa, umpa musiek maak



**FOTO ONDER: Mnr. Kobus van der Walt saam met mnr. David Issaacs en Miekie Muis.**
*Foto: Fotokuns.*

Potchefstroom se Afrikaanse Padkafee
●
U KEN ONS
BAILLIEPARK PADKAFEE
By die Johannesburg- en Paryspad aansluiting.
●
DUS:
WAT DOEN U AS KOSHUISKOS VERVELIG RAAK?
KOM ONDERSTEUN 'N AFRIKAANSE SAAK
Onder persoonlike bestuur van Oom Jan Aucamp.

# ASTER

# Ten Spyte van die Winter Weer!

Selfs die fraaiste mensie onder ons kan een oggend wakker word en skielik vind dat haar romp effens te styf pas.

Veral nou dat die blare begin val en die windjie dun sny, smaak daardie ekstra skeppie darem vorentoe, daardie stomende beker Milo voor slaaptyd, of warm pasteitjie tussen 2 en 6 nm., onweerstaanbaar.

Maar! Tradisioneel aan vrouwees moet ons tog maar die kalorieë dophou: minder ryk, vetmakende voedsels, lekkergoed, sjokelade; meer vars groente en vrugte en vir die wat drasties aan verslanking dink; drink water, sommer gellings daarvan op 'n dag as dit daarop aankom. 'n Lepel vol heuning en suurlemoensap in 'n koppie louwater gemeng, elke oggend voor ontbyt, verrig ook wondere — dit voed, gee energie en vul.

Om slank te wees en te bly is geen kuns solank elke meisie haar vermoëns ken en verstaan nie. Dis weliswaar makliker gesê as gedaan, maar hou jouself net gesond, slaap genoeg, sorg vir genoegsame hoeveelhede oefening en vars lug en 'n baie goeie begin is alreeds gemaak. Voeg hierby nog 'n regop, ontspanne jongmeisie-houding met magie en agterstewe ingetrek, kop opgelig, oë nie op die grond nie, skouers af, hande los en gemaklik om die meer vroulike voorkoms te skep, en die stryd is half gewonne.

Ons ken almal die basiese vorme van die dieët: hardgekookte eiers en groen slaaie, 'n klein stukkie kaas of vis, vrugte in plaas van aandete en koffie sonder suiker . . . maar wat van 'n paar nuwe oefeninge?


Ry fiets volgende keer as jy dorp toe gaan, of voor slaaptyd sommer binne-in jou kamer op die mat: Lê plat op die rug met bene reghoekig daarmee in die lug gestrek. Begin stadig te trap, wisselend van een been na die ander, terwyl tempo egalig versnel word. Hierdie trapoefening sal mettertyd sy merk maak op die bobene en heupe twee van die vernaamste sondebok-griefpunte.

Oefening vir die begeerde rietskraal middeltjie, hoef ook nie noodwendig 'n straf of uiterste wilspoging te wees nie. Leen kleinsus se springtou en spring elke dag getrou 'n kwartier of twee. Vra 'n vriendin om daarin te deel en die ritueel word pret. Onthou net om met ingetrekte magie, kop reguit en driftige hale van die arms te oefen.

Nog iets wat mens by die 8-9 jariges kan afkyk en nuttig tot eie voordeel kan inspan, is die outydse „Hoela-hoop" wat nou weer oral verkrygbaar is. Dis al genoeg inspanning om eers die kuns te bemeester, die hoepel bo te hou — wat nog te sê as mens al daarin gekonfyt is; dan werk die oefening sommer deeglik met heupe en agtergrond.

Daar is egter tog 'n nadeel aan bogenoemde oefening verbonde? Onthou, oefening alleen kan nie vir verslanking sorg nie. Dit moet gepaard gaan met 'n ligte dieët of ten minste net drie maaltye per dag sonder tussen-in peusel.

Selfs die minder geseëndes onder ons kan nou een oggend wakker word en met vreugde uitvind haar romp pas pragtig!




# HERA

Hierdie is 'n baie lekker en vullende gereggie vir die van ons wat wil verslank (en wie van ons wil nie)! Dit is heerlik vir middagete en sommer vinnig en maklik om voor te berei ook.

**Braai-tamatie en eier.**

1 groot ryp tamatie.
1 eier.
Sout en peper.

Sny tamatie in pan sonder olie of botter. Braai liggies vir 'n paar minute. Voeg eier, sout en peper by en roer aanhoudend tot die eier gaar is. Dit kan op 'n dun snytjie roosterbrood opgedien word.



# JAPAN

Party mense is darem net gelukkiger as ander! Hoe gaan die gesegde „Gebore mei 'n goue lepel in die mond". Nou jar ek begryp dat almal nie gou kan oorwoerts Japan toe vir 'n vakansie nie. Die meeste van ons haal net-net Durban of Kaapstad!

Annamarie Slabbert, 'n derdejaar farmasie student, en haar ouers het egter in die begin van Februarie (1973) vir tien dae gaan vakansie hou in Japan. Hul het tuis gegaan in die Park Hotel, spesiaal vir toeriste bedoel, en hul kon die versoeking nie weerstaan om van die mooi goed te koop nie.

Alhoewel kos duur is, is goedere soos skoene, materiaal, juweliersware en dies meer spotgoedkoop. Annamarie het 'n paar skoene vir haar spesiaal laat maak en haar beste aankoop was 'n asemrowende swartpêrel ring. Soos almal weet is swart pêrels in Suid-Afrika skaars en is dit wel te koop, is die prys peperduur.

Annamarie sê sy het die vakansie terdeë geniet. Die mense is vriendelik en baie verfynd en alhoewel dit winter was toe hul in Japan gekuier het, was dit heerlik warm gewees.

# GANSIES, GANSIES

Ai, ons meisiemense darem! Ek hoor daar is êrens 'n sjarmekurses aangebied. Was julle daar? Mens kan nogal na aanleiding daarvan bespiegel oor die loop, die staan, die sit — o, die liewe sit! Ek glo nog altyd daarin dat die persoon wat langbroeke vir dames ontwerp het, geseënd was. Tog jammer hy/sy kon nie die sitprobleme daaraan, voorsien nie. Of sou dit nou noodwendig sy verantwoordelikheid gewees het? Dis tog immers ons wat die broeke dra, die minirokkies, die byderwetse flêr rompe, die oosterse skeppings wat handskoenpas. En die kinkel dan: dis ons wat die sitwerk doen, die loopwerk, die staanwerk.

Maar wee, die die ander wat kyk en weeg en oordeel . . . en afkeur miskien?

Mens wil darem nou nie hardop praat van die wiegelswaai-stap, die knikknieg-stand, die gogga-sit nie, daarom oorhandig ek swygend die spieël: sy fokuspunt bietjie laer as die prentjie wat elke oggend se sorgvuldig ingekleur word.

**EERSTE SPREUK VAN ELKE WEEK.**

Be to her virtues very kind;

Be to her fault a little blind.

— Matthew Pr'or.

# Dalk jou kamermuur

Hier op die Puk, weg van jou kamer wat 'n noordwaartse uitsig op groen grasperke het, moet jy maar jou nessie vir jouself so aanvaarbaar moontlik maak.

Is jou kamermuur dalk 'n weerspeïling van jou emosies en verlange wat diep in jou onderbewuste verskuil bly?

Gister stap ek by 'n kamer in en dadelik tref iets geselligs my — 'n atmosfeer van huislikheid en blymoedigheid. Die twee kammies pas goed aan by hulle omstandighede en bo alles, by mekaar.

Maar, hoe interessant word 'n mens se karakter nie weerspieël deur jou kamermuur nie. 'n Meisie wat in 'n droomwêreld leef, wil haar droomheld gedurig by haar hê — sodoende verewig sy die gesig van haar Romeo deur 'n foto wat naastenby haar idee van 'n held is, bokant haar kop te plak.

Stap jy weer by 'n manskoshuis in, is daar vir die natuurliefhebber pragtige natuurtonele, hoewel die oorgrote meerderheid se „natuur" by mooi meisies in bikinis eindig. Die Springbokke kry ook 'n ereplek langs die leë bierblikkie en plakkers van hul gewildste sigaret soort.

Ek wil nou nie diskrimineer teen die oens nie, maar dink dat die meisies se kamers van meer smaak getuig — al is dit net die een helfte van die kamer. Tog, in so 'n kamer is daar lewe — voel mens asof jy tuis is. Wanneer jy dan terugkom van 'n naweek tuis, is dit asof jy terug kom huis toe en nie na 'n koue kamer sonder lewe en geluk nie.



Elwen Morris van Radio Hoëveld wat tydens Karnaval vanuit hul mobiele ateljee op die P.U.K.-kampus gaan uitsaai.



# OP DIE KOSHUISFRONT

## Kloosterders neem S.A.U.K. oor

In die middernagtelike ure van Donderdagoggend het vier skakers, te wete Bennie, Koos, Cas en Ampie, na Johannesburg vertrek vir die groot skaking van 1973.

Na 'n vinnige oorname van die Afrikaanse Diens deur die vier skakers, is Fanus Rautenbach voor die mikrofoon geplaas en net na sewe-uur is Flink uit die Vere deur die Kloostermanne oorgeneem. Na 'n paar boodskappe is die welbekende Kloosterlied laat klink oor die etergolwe van Suid-Afrika.

Na 'n grootse poging om Karnaval wyd en syd bekend te maak, is die terugtog aangepak.

Blykbaar was dit 'n besige week vir die Kloostermanne, want Maandagaand is daar vergadering gehou in ons eie saal. Met mnr. Jaap Marais van die HNP op die verhoog, is 'n baie geslaagde vergadering gehou en kan ons nou met gesag praat oor sy party se beleid. Intussen word die moontlikheid ondersoek om ook die ander partye hier te kry om hul party se beleid te kom stel.

Met Karnaval voor die deur, beplan ons groot dinge, en het ons simpatie met die akademie wat daaronder ly.

## Soetdorings

Dag Pukke! As julle miskien gedink het julle hoor nie weer van Soetdorings nie, wil ons julle net sê: Soetdorings mag stil wees, maar sy is besig met GROOT dinge. Julle mag miskien nie van ons Sêr-gehou het nie, maar wag maar tot julle ons vlot sien! Soetdorings gaan Karnaval-tyd uitblink!

Vra bietjie vir die S.R. waar hulle die lekkerste koshuiskos moontlik geëet het en ek is seker hulle sal dit almal eens wees: By Soetdorings se eetsaal. Dit was 'n heerlike gesellige aandjie saam met hulle.

Na 'n Rugby-oorwinning teen Heimat het ons 'n feestelike braaivleis gehad. Vra maar vir Hannie wat daar uitgebroei het. Ons het ook 'n intersleep met Uitspan en Toekoms gehad. Aan sosiale kontak is daar ooglopend geen gebreke nie.

Net so terloops wil ons noem dat indien die mans twee keer moet kyk om 'n Soetdoringdame raak te sien, hulle moet weet dis van al die klas toe stap en al die min oplaai.

## Kasteel-Suid

Na 'n tydperk van stilte laat ons ook van ons hoor. Ja dis reg ons is Kasteel-Suid, die koshuis op die plaas. Nuus by ons is volop, verrassings ook, soos seker al paar van die ouens gekry het met ons boetekaartjies wat ons uitreik in poging om ons sak (dis nou die koshuissak) aan te vul. Ons Koshuishempies het ook die lig gesien, nogal 'n tier in die tenk, wys net, moenie met ons sukkel nie, ons wys julle gou-gou waar Dawid die wortels begrawe het. Soos Liberalia amper ondervind met die hokkie wat hulle 4-1 (1 vir Kasteel Platsak) verloor het, maar met in agneming dat Platsak se dames omtrent nie een kon hokkie spel of speel nie. Van Platsak gepraat, dis nou Kasteel K — die naam het ontstaan vroeg in die jaar, hulle het nie van die naam K gehou nie, en toe verander hulle hom, kaas-en-wyn, inwyding en vlag daarby, en boonop 'n kys met „Vrotkol" op die koop toe, met wie hulle uiteindelik ook mee vlotbou na baie omruilings. Nou sit hulle, dis nou K en J met Skuur 4, 5 en 6 en F. en G met 7, 8 en 9, dis nogal 'n goeie ruil, want dit bly in die Suid geledere. Platsak voel net platsak oor hul gesteelde goedere, en kyslap, a-nee-a manne bring terug.

Nou dink ek aan J — dis nou „Sommer-so" gedoop en ingewy met 'n sommer-so, Middie deur 'n sommer-so-klomp eerstejaars gehou. Baie geluk Rene met jou le hokkiespan keuse, en ook Reca, Hestertjie, Anneli en Sights in G. Die slepers in Sommer-so is ook bly oor die Sommer-so naam vir die Sommer-so bak lot — veral die pampoenboere, en Suzette — is dit 'n nuwe Chauffer?

Blok F het ook 'n naamsverandering ondergaan nogal Fieterjasies, het 'n bak inwyding — die eerstejaars is na dit so lief vir die oudames dat hulle hul oorplasingskaarte aan die Puk terugstuur. Net een ding wat Fieterjasise se dames bang maak, of eintlik bekommerd, is ou Barnie se nuwe kar, hy slyp glo nou al sy tande om ons Prim te skaak, maar moenie glo nie, kort voor lank dan pak ons hom.



Over de Voorders besig om te oefen vir die Karnavalorkeskompetisie. *Fotokuns.*

Blok G se naamsverandering word eersdaags bekend, hulle is nog eintlik bietjie aan die voorberei vir hul inwyding en boere gaan dit 'n fees wees. Maar van feeste gepraat, Barbel Weber en Noeline Steyn dra nou blinkklippies — baie geluk en voorspoed. G se eerstejaars wens dis hulle, maar vasbyt ouens julle dag kom.

Baie geluk aan die Suiddames wat graad gevang het die naweek, nogal 'n hele klomp nl. Barbel Weber, Noeline Steyn, Coreen de Wet, Bessie Richter (almal in G) Nettie Kleynhans en Hannelie Botha in F, Martha Pretorius van J en Aldre McDonald van K. Hoe lyk dit in G is die slimkoppe? Ariewarie Pukke, sien julle weer en ons laat weer van ons hoor.

## Kulu

Kulu het die jaar sommer goed begin. Ons intertee met Uitspan was wonderlik! Daar is plate gespeel en versoekies uitgestuur tot groot vermaak van die aanhoorders. Die tee was so lekker vir sommige van Uitspan se manne, dat hulle nou gereeld in sleeptyd by Kulu kom kuier.

Toekoms het nie op hulle laat wag nie en Kulu uitgenooi vir 'n intertee. Ook hulle is nou gereelde besoekers by ons koshuis.

Kulu het hierdie jaar 'n oulike klomp eerstejaars. Die manne moet maar self kom kyk.

Heimat het ons uitgedaag vir netbal. Dit was omtrent 'n gespook om die bal, maar hoe kan Kulu nou kompeteer met doelgooiers wat bo in die doelpaal kan inloer! Ons vat ons pak soos 'n man. Hoe lyk dit met hokkie Heimat?

Die eerstejaars het Donderdagaand die seniors verras met 'n „middie". Hulle het die nag al gillende die kamers ingestorm. Die reaksies van die seniwasors tot groot vermaak van die eerstejaars. Een senior het met groot oe die gillende eerstejaar aangekyk en uitgeroep: „Dis oorlog julle!" Haar kamermaat het ook verskrik opgevlieg en met swaaiende arms geskreeu: „Lasarus, Lasarus!" Nog een senior het al huilende haar lot op die oordeelsdag afgewag en die arme eerstejaar vreesbevange vasgeklou. Helaas, ons het almal die „middie" terdeë geniet. Sommige seniors is daarna nog gebad, maar eindelik het Kulu weer gaan slaap.

## Over de Voor

In die Voor is Maandagaand koshuisvergadering gehou. Daar is toe besluit om alles in die stryd te werp om van ons kant af Karnaval '73 'n sukses te maak, kom wat wil. Ons is reeds hard besig om voor te berei.

Wat koshuisrugby betref, het die tweede span na die volgende rondte van die uitklopliga deur gedring deur Pote 11 te troef. Ook in die derde liga het Pote tweede gekom teen ons.

Behalwe Dries Coetzer wat as lid van die Wes-Transvaal B-span aan die streekproewe in Pretoria gaan deelneem het, spog die Voor ook met drie Wes-Transvaal o.20 spelers, nl., Leonard Venter (kaptein), Oswald van Niekerk en Hennie Troskie. Geluk, kêrels!

## Dorp

Met die Karnaval aan die kom, is daar baie dinge waaraan Dorp deelneem. Om 'n paar te noem.

Dwarsstraat se manne se „Karnavalkar" vorder sterk en hoop ons dit gaan goed met die afronding daarvan.

Deelnemers aan die kruiwaresies is al so fiks dat hulle met kruiwaens op hulle rue rondhardloop.

Op 'n vergadering 16 April was daar groot entoesiasme vir die vlotbouery en daar is lekker gesels met Heide se dames. (Vloere 1, 2, 3, 4).

As Dorpstudente 'n terugblik neem van aksies, staan die Kaas en Wyn met Kasteel-Noord voorop en binne die volgende maand is daar 'n informele dinee op pad. 'n Bedrywige tyd dus! Soos vroeër gemeld, is die rugbymanne weer lus vir dinge saam met Thaba Jah se manne. As daar enige rugbyspelers is wat nog iets wil weet oor rugby, skakel dan net Eric van der Walt, Hoffmanstraat 26, by telefoon 5972.

Dorp se bussie is No. 92 as daar enige ander navrae is

## Heide

Dis die fees van die vlees: die fees is karnaval en die vlees is HEIDE. Inwoners van HEIDE kan die tyd nie meer afwag dat karnaval moet aanbreek nie, want dan laat hulle die kat uit die sak en die akademie op die rak.

Vloere 1 tot 4 bou saam met Dorp en die gees tussen die twee geledere loop hoog. Vloere 5 tot 7 bou saam met Thaba Jah en ons verneem dat die gees daar daar uiters vlambaar is.

Vir die eerstejaars is dit 'n belewenis, want dis hulle eerste groot karnaval wat heeltemal onvergeetlik moet wees. So: Eerstejaars, ruk op in julle hordes en maak iets groots van die karnaval.

Ons hoop in ander koshuise gaan dit net so voor die wind met al die voorbereidings en mooimakery! Geniet die karnaval en wens dis pal karnaval!

## Oosterhof

En nog steeds hou ons groot feeste. Skaars is Kuesta met al sy groot dinge verby, of ons het weer gradedag. Baie geluk aan al ons dames wat graad of diploma gevang het, en mag dit vir ons ander „sukkelendes" tog 'n aansporing wees!

Nou wag Karnaval in al sy glorie op ons. Oosterhof het baie planne vanjaar. Mense, hou ons dop met vlotdag — sowat van „goggas" was nog nooit voorheen beleef nie! Die eerstejaars (sonder die juffrou) ruk skoon hande uit met idees — mag hulle uitgevoer word!! Die gange daag mekaar uit en groot pryse is op die spel. Ook word „groot" Kompetisies geloods om danes tot „kleiner" dinge aan te spoor!

Vervolg op bladsy 8


U kan gerus u bande versool by . . .



**GOLDEN WEST RETREADERS**

'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK!

**Groot Voorraad**

- **NUWE en VERSOOLDE bande Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak**
- **Nuttste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING.**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse!

**Johan Claassen Broers**

**VIER HULLE 10DE VERJAARDAG SAAM MET**

**KARNAVAL '73**

★

**Kom vier saam met ons!**

**SPESIALE VERJAARDAGPRYSE**

**P.U.-kleurbaadjies R20,95 en P.U.-Sweetpakke R11,95.**

die WAPAD

# KARNAVAL

Dis weereens "feeste oppie plaas". Biljette skreeu: „Hou jolyt met Karnavaltyd." Almal voel opgewonde en die eerstejaars tintel van vreugde. Het ons al gewonder wat broei in hierdie jolyt? Laat ons dit dus oopkrap onder 'n mikroskoop.

In Europa is die primêre doel van Karnaval die volgende:

1. Simbolisering van die dood van die winter en die geboorte van die lente.
2. Om vir die mensdom die vrugbaarheid van die mens te wys.
3. Om te eet, te drink en vrolik te wees.
4. Om deur middel van maskerades, sang, volksdanse en spele, die karnavalvreugde te simboliseer.
5. Die tydelike staking van sosiale rolle en senioriteit.

Op die Puk lê daar ook net so baie fasette in die woord Karnaval ingesluit. Vroeër jare is dit vreugdedag genoem. Dan het die studente opgeruk na een of ander dorp, slegs om jolyt te hou en fondse in te samel vir die Puk en hoofsaaklik vir liefdadigheid. Van vroeg af blyk dus reeds die tweeledige doel van Karnaval vir die student. Dit is so vervleg dat dit geassimileer kan word tot liefdadigheid jolyt. Tog neig ons as studente te veel na die jolyt en smoor ons die stoom waarmee die jolyt aangedryf word, nl. naastediens.

In die later jare is Vreugdedag met Karnaval vervang, om sodeonde 'n groter uitlaatklep te verskaf aan die student se borrelende oorspronklikheid. Die klem is dus vir die kunstenaar gegee om met behulp van sy eie vermoë dit te vorm tot sy eie idee.

Wat behels die woordjie jolyt, of te wel geesvang, in studentetaalges?. Met die vlotbouery bou elke student aan sowel 'n vlot as aan die eenheid van gees. Elkeen wat sy eie werk aanskou, hoe gering ookal, voel hom ten nouste betrek by sy eie Universiteit. Met geesvang maak ons kontak met ons eie mede studente, op alle terreine, en leer ons mekaar ken, soos ons self weet.

In die veelkleurige optog word die student se binneste weerspieël. So ook dus sy vrugbaarheid as mens. Is die student gevul met vulgariteit, humor, lewenslus en oorspronklikheid, of is hy sommer net hol en vaal van binne. Die vlotte is die omgedopte studentegees. Dis die binnekant van die student wat deur die strate beweeg ten aanskoue van duisende mense wat kom om ons te ondersteun. En dis in die student self om te besluit hoe hy homself graag aan die wêreld tentoon wil stel.

Ten tye van geesvang weerspie?l ook elke individu sy eie binneste aan sy medestudent. Gedra hy hom swak, getuig dit van 'n swak smaak wat homself deardeur verneder in die oë van ander.

In Europa, soos reeds genoem, is Karnaval 'n tyd waarin alle sosiale rolle gestaak word. Elke mens het bekommernisse waarvan hy wil wegvlug. So het studente ook hul studies wat kan swaar word as dit lank gedra word. 'n Kind vlug weg van die werklikheid d.m.v. sy dagdrome. Studente het 'n Karnavaldag geskep om te rus van die sware vrag. Die werklikheid word vergeet en almal is sommer net student.

Daar word dan feesgevier, in alle opsigte, want dis die roeping van Karnaval. Hy roep elke student op om hom te verbly in die dae van sy jonkheid. Maar hy roep ook elke student tot verantwoordelikheid: om van Karnaval 'n sukses te maak, 'n sieraad vir die oog van sy volk en 'n stukkie brood in die hand van 'n honger kind.

Fanus Rautenbach vergelyk dit met 'n verfrommelde kar en noem dit "kar na val". Is dit 'n positiewe beeld vir so 'n vreugdevolle dag?

Pukke, gaan ons hierdie selfde kar in gees van tyd verfrommel en dan Saterdag tydens die optog skreeu "kar na val?"

# Afsonderlike Ontwikkeling Moreel Geregvergig?

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling is 'n lastering van die Heilige Gees.

In Galasiërs 2 v. 28 staan daar: „Daar is nie meer jood of Griek nie (vir vandag kon dit gelui het "Afrikaner of Zulu nie"), daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man of vrou nie, want julle is almal een in Jesus Christus".

Sonde het skeiding tussen mense gebring, maar Christus het die sonde oorwin en alle skeiding tussen mense oorbrug. Die mure wat tussen die volke bestaan moet afgebreek word anders maak ons Christus tot bespotting.

Handelinge 17 v. 26 stel dit nog duideliker: "En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon."

As jy, Christen Afrikaner, formuleerder en draer van hierdie immorele beleid, eerlik is met jou God is dit jou plig om dit te beveg.

Geagte Puk,

Ons staan nie weerloos teen sulke argumente nie. Dit is die strategie van die liberalis om ons te laat twyfel en daarom stip ek ook die volgende geopenbaarde waarhede aangaande Gods wil vir die mens en die volkerelewe vir u aan: (a) Die hele geskape werklikheid vorm 'n eenheid, want "uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge." (b) Die beginsel van geregtigheid moet gehandhaaf word.

1. Dit impliseer egter nie daardie sieklike sentimentaliteit waarmee ons dag so behep is nie en wat neerkom op 'n miskenning van die eie reg of indentiteit nie.

2. Dit hou rekening met ongelykheid t.o.v. talente, verantwoordelikheid en ontwikkeling.

3. Dit is as sodanig nie in botsing met selfliefde nie en handhawing is dus nie 'n vloekwoord nie. Trouens: God beveel my om sy beeld in my lief te hê.

(c) Voor die sondeval was daar reeds verskeidenyeid binne daardie eenheid. Dit loop uit op rasseverskille. "Kan 'n Kusiet sy vel verander of 'n luiperd sy vlekke". Jeremia 13 v. 23.

(d) In beide die Ou- en Nuwe Testament word afsonderlike volksbestaan erken. Genesis 10 onderstreep die *eenheid* van die menslike geslag nie die *eendersheid* nie. Vgl. "in hulle lande", "volgens hulle geslagte". "in hulle nasies". Vgl. ook Deuternonomium 32 v. 8.

U sal egter vir my vra hoe ek by Hand. 17 v. 26 en Gal. 2 v. 28 verbykom.

Hand. 17 v. 26 gaan verder: ". . . terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het." God het grense daargestel. Dit is nie vir die mens om dit doelbewus ongedaan te maak nie.

Wat meer is: Die vyand sukkel maar met die gedeelte van Gal. 2 v. 28 wat sê: "daar is nie meer man en vrou nie" — want daar is. Die nugtere verklaring is eerder 'n opneming in die volk van God sonder onderskeid as 'n opheffing van verskille. T. N. Hanekom sê: "Die Kerk van Christus is daar om die volke van die wêreld te verbroeder, nie om hulle te verbaster nie."

Ons kan selfs aanneem dat daar selfs in die lewe hierna verskille sal wees. Openbaring 21 v. 24: "En die nasies van die wat gered word . . ."

Dat daar praktiese probleme bestaan ly geen twyfel nie. Ons ekonomiese interafhanklikheid, die mannekrag tekort, die stelsel van trek- of gasarbeiders skep vraagstukke. Die wyse waarop amptenare die beleid toepas of indiwidue teenoor Bantoes optree laat dikwels veel te wense oor. Knelpunte moet en kan uitgestryk word, maar die beleid is Skrifverantwoord. Vir my is die vraag wel, en ek stel dit aan u, Pukke, of ons nie meer Skrifverantwoord moet optree nie.

PRO PATRIA.

# FILATELIE VERENIGING



● **FOTO BO: Lede van die Filatelie vereniging.** *Fotokuns.*

Aan baie Pukke is hierdie vereniging nog nie bekend nie. Dit is naamlik die seëlversamelaars wat besluit het om so 'n vereniging te stig. dit is dan ook gedoen in Oktober 1972. Sedertdien het die vereniging goed op dreef gekom en het al ongeveer 12 lede — dit is behalwe die nuwe gesigte wat by elke samekoms gesien word.

**AKSIES.**

Vir die Pukke wat belangstel om ook 'n filatelis te word, wag daar groot dinge in 1973. Daar is maandeliks 'n byeenkoms van die vereniging in die *Aardkunde* gebou. Die volgende een is Donderdag 3 Mei.

Ander interessante ondernemings wat die vereniging beoog, is die volgende:

**15 Junie:** Mnr. Herman Steyn hoof van die filatelieburo praat oor seëls in die algemeen en oor die versameling van seëls. Na die tyd is daar 'n ken-Mnr. Steyn ken-mekaar, wat baie aangenaam beloof te wees.

'n Besoek aan die Staatsdrukkery in Pretoria om die nuwe drukproses van seëls te gaan besigtig.

Sommer nog baie ander aksies waarin seëlversamelaars kan deel soos films, besprekings, uitstallings, ens.

In die laaste helfte van Augustus word daar 'n uitstalling gereël in die *Frans du Toit* gebou wat baie sensasioneel beloof te wees.

**ALGEMEEN.**

Die bestuur probeer om byeenkomste so te reël dat dit nie bots met al die ander Puk-aksies nie. Vandaar ook goeie bywoning van die byeenkomste. Ander positiewe stappe wat die filatelie vereniging geneem het was onder die patronaatskap van A.B.K.K. te kom. Hier is 'n wakker nuwe vereniging wat by baie Pukke aanklank behoort te vind. Die bestuur is entoesiasties en lus vir baie dinge hierdie jaar.

Voorsitter: Hercules Swart; Penningmeester: Nico Maartens; Sekretaresse: Marina Prinsloo; Add. Lid: Gawie van der Walt.

**INLIGTING.**

Behalwe die bestuurslede wat genader kan word, kan in bussie 30 by die S.R.-kantoor net 'n briefie geplaas word.

# Uit die Woord

## Werk! God is jou energie

Seker van die grootste dwalinge in die geskiedenis van die kerk het ontstaan oor die probleem van menslike verantwoordelikheid. Sommige het verval in 'n gruwelike mensverheerliking asof ons verlossing van ons werk sou afhang. Andere weer wil van die mens 'n dooie marionet maak, 'n pop met geen eie verantwoordelikheid nie.

Ook ons kan maklik verstrik raak in een van genoemde dwalinge, want stel die Skrif dit dan nie telkens dat alles genade is nie? Aan die anderkant weer is die beroep op eie verantwoordelikheid pynlik teenwoordig. Wat is dan die oplossing van hierdie probleem?

In ons Skrifgedeelte kom ook die Apostel Paulus met 'n bevel tot selfwerksaamheid. Meer nog, in die bevel klink ook die gesindheid waarin ons moet werk, nl. "met vrees en bewing". Die angs vir die toorn van God oor ons sonde mag nooit verflou nie. Ons moet beef voor die wete dat God ons oor elke daad in verantwoording sal roep. Maar dit beteken nie om in 'n donker nag van skuld te weeklaag en voortdurend bekommerd en verslae te wees nie. Nee, ons vrees en bewing moet gepaard gaan met 'n hartlike vreugde in God deur Christus. Vrees en bewing beteken bloot "nederig en ootmoedig" as die gesindheid waarin ons moet werk. Daarom kon die psalmdigter sê: "Dien die Here met vrees, en juig met bewing."

So kom die Apostel wat by uitstek die verkondiger is van verlossing uit vrye genade, hier met 'n bevel om self ons saligheid uit te werk.

Hoe kan dit? Het Paulus nie geweet dat elke poging wat ons aanwend om ons eie saligheid uit te werk 'n volsale mislukking is nie? Het hy nie geweet dat ons van nature slawe van die sonde is nie? Watter reg het Hy om met so 'n vermaning te kom?

Alle reg, want vers 13 is die belangrikste en is onlosmaaklik verbind aan vers 12: "want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae." Nou begryp ons sommer dadelik waarom ons kan en moet werk, want *God is ons energie.*

Die evangelie van Jesus Christus kweek nie lui en passiewe mense nie. God werk nie met ons asof ons dooie bakstene in sy hand is nie. Hy werk juis op so 'n manier met onsdat ons aktief meeleef.

Net soos die voedsel wat ons elke dag eet verteer word en in energie omgesit word, netso werk God se Gees met Sy Woord in ons. God sorg vir die energie. Sonder die energie is ons lewendig dood. Met sy energie is ons in staat om te swoeg en te sweet tot die dood toe.

Daarom, werk met alle ywer jou eie heil uit . . . nie asof jy met God in vennootskap nie, maar omdat jy nie anders kan nie, want energie bring in beweging; energie is forsheid; 'n kragtige strewe; energie beteken arbeidsvermoë.

Natuurlik kom dit alles ons toe t.w.v. Jesus Christus wat met sy werk vir eens en vir altyd die Lewende Energie vir ons verdien het. Die energie wat jou krag sal bly tot in die ewige lewe.

Johannes gebruik die treffende beeld van 'n wingerdstok met sy lote. Net so volkome afhanklik as wat die loot van die sap is wat die stok aan hom moet voorsien, netso volkome afhanklik is ons van die energie wat God t.w.v. Jesus Christus in ons werk.

So is Jesus Christus die absolute voorwaarde vir Paulus se bevel om self die moue op te rol en ten bloede toe te stry in die geloof.

Ons drink uit 'n Lewende Fontein, lewende water. Daarom, werk, want God is jou energie.

# DEUR MY LENS

Vir al die studente het die feestyd weer aangebreek. Dit is KARNAVAL! Daar word elke jaar 'n beroep op die studente gedoen om deel te neem aan al die feestelikhede wat met Karnaval gepaard gaan, maar elke jaar sien ons dat net 'n klein groepie van ons Pukke die tyd geniet soos slegs studente dit kan doen. Die oorgrote meerderheid van ons verrig slegs 'n uiters passiewe rol in die verrigtinge van hierdie tyd. 'n Ander groep is dankbaar vir 'n lekker lang-naweek en gaan hou 'n bietjie vakansie. En die Maandag na Karnaval is almal dit eens dat dit 'n ou lekker goor Karnaval was. Ons kritiseer die Karnaval-komitee vir die swak organisasie en maak eerder 'n bespotting van die ander wat wel aan die Karnaval deelgeneem het.

Waar lê die fout nou? Die Karnaval-komitee? Moenie glo nie! Dit lê myns insiens by ons studente self. Daar word goedgunstelik 'n dag aan die studente afgestaan, maar in plaas daarvan dat ons self daaraan deelhê, kritiseer ons. Ons is mos nou-al te groot vir sulke dinge. Wie wil dan nou met 'n kruiwa Klerksdorp toe hardloop? Of met 'n tuisvervaardigde ding op die dam gaan roei? Dit is mos dinge wat 'n eerstejaar doen?

Ek voel dat ek my veral tot die senior studente moet rig. Ons is mos nou-al te groot vir sulke dinge. Lekker! Ons is in 'n posisie om om die beurt grootmens en kind te wees soos dit ons pas. Wanneer ons nie lus het om iets te doen nie, is ons grootmense en wanneer ons dinge doen wat grootmense nie betaam om te doen nie, is ons studente! Dit is nogal 'n gerieflike situasie. Gerieflik, ek gee toe, maar is dit nie juis die oorsaak dat ons so passief is in 'n tyd vir die studente nie? Waarom kan ons nie almal aan die kompetisies deelneem nie, en waarom kan ons nie almal help bou aan die vlotte nie? Waar is die eensgesindheidgees van die studente? 'n Grootmens kan mos nie mal gaan soos 'n student met Karnaval nie! Komaan mede-Pukke. Laat ons in ons massas opruk by alle aksies wat vir ons gereel is. Laat ons deelneem daaraan — hetsy as deelnemer of toeskouer — en laat ons saamwerk om Karnaval weer 'n dag vir die studente te maak! Laat ons die mense wat alles moet organiseer nie in die steek laat nie, want anders verloor die dag sy kleur. Laat ons saamwerk om vir die wêreld daarbuite te wys wat dit beteken om student te wees, en soos dit 'n student betaam, te kan feesvier!

Ek groet julle met die woorde: Dis Karnaval, gaan dus mal!

REFLEKTOR.

# Toekenning van Raadsmedaljes



Die raadsmedaljes is vanjaar aan mnr. Kobus van der Walt en mej. Triena Roestorf toegeken. Ds. A A Venter het die medaljes namens die Raad van die Universiteit met gradeplegtigheid oorhandig. Hy het sy dank uitgespreek vir die onbaatsugtige diens wat hulle gelewer het en vir die leiding wat hulle geneem het in die studentegemeenskap

Die raadsmedaljes word elke jaar toegeken aan die mans- en damesstudent wat besonderlik presteer op akademiese en ander terreine van die studentelewe

Mnr Kobus van der Walt is 'n finale jaar teologiese student (B.A., Th.B. IV) en mej. Roestorf is besig met B.Sc. Honns. in Wiskunde. Sy het haar B.Sc.-graad met onderskeiding in Wiskunde verwerf asook haar U.O.D.

Mnr. van der Walt was verlede jaar Studenteraadsvoorsitter nadat hy drie jaar op die S.R. gedien het. Hy is ook 'n Abe Bailey-beurs wenner en was primarius van sy koshuis. Mej. Roestorf is tans Primaria van haar koshuis en het drie jaar op S.S.B. hoofbestuur gedien. Sy is kapteine van die P.U. netbal span en speel die afgelope drie jaar ook vir Wes-Transvaal netbal.

# OOR DIE ONDERDEUR

Dagsê Pukke,

Ek hoop julle het almal 'n grootse langnaweek gehad!

Nou weet ek is ons almal besig om ons neuse kniediep in die akademie te steek en ek hoop dat hierdie volgende twee maande van toetse vir julle almal goed sal afloop.

Of wat sê ons akademiste? **Johan Coetzee** en **Susan du Toit** is besig met haar D.Sc. en getuig dus dat sleep en swot goed kan saamval.

Die biblioteek getuig ook van 'n ideale sleep en swat plek — of hoe **Marius Venter** en **Marietjie Juyn**? Lyk mos asof **Marius Kruger** en **Lana Conradie** ook hulle paadjie bib. tot begin vind.

Alhoewel hier intussen nog blink klippies verskyn, het 'n paar enkel ringe, twee geword. Soos dit 'n eerste burger van die kampus betaam het **Fika van Rensburg** en **Sanet** voortou geneem. Baie geluk mnr. en mev. Van Rensburg en so ook aan **Rudi van der Walt** en **Hester Grobler.** Al ons Pukke wens julle almal alles van die beste toe.

Terug by die verlowings blink **Cannie van der Westhuizen** se oë deesdae so dat **Fanie** sy ring moet uithaal om by te bly.

Vandat **Mara Haefele** haar diamante het, maak sy dit vir Karlien moontlik om al die kragonderbrekings te oorbrug.

Net soos 'n goeie tokkelok betaam het **Marius Schalekamp** nou sy sewe jaar van harde arbeid, by die Venters, afgewerk en nes Jakob nou **Susan** syne gemaak. (Ek is bly dit was nie nodig vir 14 jare, of hoe Susan?)

Lyk my ons atlete raak lui. **Kroggies** drawwe nie meer rond, hy het in Karlien sy **Hanelie** gekry, en so ook het **Konkie van der Walt** besluit om te hou by Oosterhof en **Sonja Arnoldt.**

Verder lyk dit asof die Puk se penningmeester besig is om nuwe finansiële state op te stel, oorkant die spoor. Of is dit net dat werk en **Izet Bester** se koffie so goed saamgaan **Karel Rost**?

Intussen wens **Sariette van der Walt** en **Gawie** net dat '73 moet verby want '74 is vol van beloftes.

**Jan Nagtegaal** se motor staan glo al vanself Vrydae reg met sy neus na Pretoria gerig.

Trekpleisters is darem wonderlike goed. 'n Definisie daarvoor is seker so iets: Dit is 'n voorwerp wat afstand ten spyt, sy trekkrag behou en 'n aktiewe naweekse invloed op die onderwerp uitoefen, wat dan die onderwerp gevoelloos maak vir petrolrekenings en sluitasie probleme.

Pukke . . . dis die heerlikste invloed om onder te wees!!! Geniet al die voorbereidings vir die **Karnaval** en laat ons almal help om van dit die grootste **Karnaval '73** te maak.

Tatta,

WEEREENS EK.

# Rekordgetal grade en diplomas

Persentasiegewys word die getal nagraadse studente aan die Potchefstroomse Universiteit nie oortref deur enige ander universiteit in die land nie. Hierdie mededeling het Sy Edele die President van die Senaat, dr. J. de Klerk, op 28 April gemaak toe hy in sy hoedanigheid as Kanselier van die P.U. die gaste by die gradeplegtigheid verwelkom het. Onder die eregaste was die voormalige Rektor van die Potchefstroomse Universiteit, prof. J. Chris Coetzee

Nagenoeg 1 134 grade en diplomas is op 27 en 28 April 1973 deur die Potchefstroomse Universiteit toegeken. Daarvan was 39 doktorsgrade, 96 meestersgrade, 217 nagraadse Baccalaureusgrade en 83 nagraadse diplomas. Verlede jaar is in totaal 1 031 grade en diplomas toegeken w.o. 30 doktorsgrade.

Twee doktorsgrade is vanjaar met onderskeiding toegeken, nl. die van dr. D. G. Potgieter en die van prof. S. C. W. Duvenhage. Prof. Duvenage het nou sy derde doktorsgraad ontvang. Die B.Sc.-graad is posthuum aan wyle mnr. P. J. Pretorius toegeken.

Die getal eerste grade en diplomas wat toegeken is, is diplomas 60; B.A. 213; B.A. (Bibl. 13; B.A. (Bepl.) 6; B.A. (M.W.) 12; B.A. (Komm.) 14; B.A. (Verpl.) 8; B.Mus. 11; B.Sc. 72; B.Sc. (Farm.) 139; B.Sc. (Econ.) 3; B.Sc. (Huish.) 2; B.Sc. (Huish, Ok.) 4; B.Comm. 107; B.Juris. 38; B.Jur. et Art 6.

A. VORSTER APTEEK

(Frans Nel, B.Sc. Far.)

★

Oktrongebou - Lombardstraat

★

SKAKEL ONS VIR VINNIGE AFLEWERING

# Geldwese is vol permissiwiteit

Spesiale Trekkingsregte is 'n mensgemaakte skepping; 'n boek inskrywing in die registers van die Internasionale Monetêre Fonds, in teenstelling met goud wat met sweet en vaardigheid ontgin moet word en wat 'n intrinsieke markwaarde van sy eie het. So het mnr. G. W. G. Browne, Sekretaris van Finansies op 27 April by die Potchefstroom se Universiteit se gradeplegtigheid gesê. Mnr. Browne was die gasspreker by die geleentheid.

Hy het gepraat oor „Permisiwiteit in die Geldwese". Permissiwiteit het hy omskryf as 'n neiging om sekere beperkings te verwyder — beperkings op beleidsrigtings wat as skadelik of gevaarlik beskou word. „'n Eenvoudige voorbeeld is die aftakeling van die ou binnelandse goudmontstandaard soos dit in baie lande voor die Eerste Wêreldoorlog en in Suid-Afrika tot 1933 bestaan het."

Een van die aspekte van monetêre hervorming waarna mnr. Browne verwys het, is die probleem van inwisselbaarheid en die rol van goud. Hy het gesê: „Daar is taamlik algemene ooreenstemming datdie V.S.A.-dollar weer inwisselbaar gemaak moet word; die kwessie is, waarin moet hy inwisselbaar wees? In breë kringe word aangevoer dat goud se rol as internasionale reserwebate feitlik uitgedien is en dat Spesiale Trekkingsregte die belangrikste reserwebate moet wees." Daar is gevaar daaraan verbonde om die Spesiale Trekkingsregte aan te wend as 'n middel om hulp aan ontwikkelende lande te verleen. Mnr. Browne het verduidelik: „Ontwikkelingshulp is 'n aanvaarde en prysenswaardige doel, maar ter wille van finansiële stabiliteit — wat tog ook in belang van die ontwikkelende lande is — moet hierdie doel nie met die skepping van internasionale reserwes ver war word nie.

BY VOORKEUR

*Gebak deur*

Turkstra

Die keurigste gebak in Potchefstroom

Ons lewer aan die Universiteit

**Redaksie**

Hoofredakteur — Japie Robbertse, Over-de-Voor.
Sub-redakteur — Lou Larney, Spruitstraat 34.
Sub-redaktrise — Madeleen Jordaan, Klawerhof.
Sekretaris-Penningmeester — Dave v.d. Walt, Makouvlei.
Sosiaal — Mettie Janssens, Klawerhof.
Koshuisaangeleenthede — Louwtjie Louw, Liberalia.
Akademies — Jan Swanepoel, Thaba-Jah.
Kuns — De Villiers Lessing, 4053.
Sport — Johan Du Pisani, Liberalia.
Damesaangeleenthede—Wimpie Lemmer, Kulu.
Sirkulasiebestuurder — Corrie Kraamwinkel Over de Voor
Fotoredakteur — H. Retief, Liberalia.

U het volop keuse in ons grootverskeidenheid

● HANDBOEKE

● SKRYFBEHOEFTES

● EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

„die potchefstroomse boekhandel"

TOMSTRAAT 86 — TEL. 5236 — POTCHEFSTROOM




# PUKKIE VERSLAG

Die redaksie maak met leedwese teenoor die mensdom bekend dat die Pukkie-verkope afgehandel is en dat Pukkie '73 nou die weg van sy voorate volg

'n Kenmerk van Pukke-verkope in die verlede was totale chaos en geoliede disoragnisasie Die redaksie kan vanjaar met opregte trots verklaar dat behalwe vir korrupsie en swendelary op professionele vlak, die Pukkie vanjaar met een uit die stryd tree

Die Pukkie is orals met gemengde gevoelens ontvang. Een gryse moeder het by aanskoue van haar kind se foto in die Pukkie in trane uitgebars. Dit was die eerste keer in hulle familiegeskiedenis, sedert haar oorlede vader se foto in die Staatskoerant verskyn het in 1875 nadat hy dertig perde van die regering gesteel het, dat een familielid se foto gepubliseer is.

Een eerstejaar het met sy Pukkies by 'n huis aangeland waar 'n swaarlywige ou vrou op 'n tamatiekassie gesit het en toesighou oor haar man wat wasgoed was. Telkens het sy van frustrasie die maer ou hond, wat in die son lê, met 'n halwe baksteen gegooi. By aanskoue van die Pukkie het daar skielik vir haar 'n nuwe lig in die lewe opgegaan en wou sy haar ewe vet dogter, wat besig was om patroontjies met kougom teen die sitkamer se muur te plak, aan hom verruil vir 'n Pukkie.

Alhoewel menige vaders hulle kinders beskuldig het van bose lektuur het die Pukkies nogtans verkoop en is reeds 3 000 meer Pukkies verkoop as wat gedruk is.

REDAKSIE.

# Tennis aanslag op wêreldrekord

Vier Pukke gaan vanf Donderdag tot Saterdag probeer om die wêreldrekord vir die langste tennisdubbelspel te breek.

Die huidige rekord vir 'n **dubbelspel aanmekaarspeel is op 2 Julie 1972 deur 4 spelers van die Giffnock Bowling and Tennis Club, Glasgow Engeland opgestel toe hulle vir 40 uur 6 minute en 44 sekondes aanmekaar gespeel het.**

Die vier Pukke, Steinman de Bruyn, Johan de Bruin, Hohan Malan en Pieter Campher gaan poog om 50 uur aanmekaar te speel. Hulle begin Donderdaggoggend om 7.00 vm. en hoop om tot Saterdagoggend 9.00 vm. te speel.

Die tennismarathon gaan die Pukke se karnaval vooraf wat vanaf 10 to 12 Mei duur en belowe om die grootste karnaval ooit te wees.



# TRAPKAR-WEDREN

Nadat verlede jaar 'n beskeie begin gemaak is t.o.v. 'n jaarlikse trapkarwedren tydens Karnaval, lyk dit asof die wedren hierdie jaar groter afmetings gaan aanneem.


Die trapkarwedren vind Vrydagaand, 11 Mei, vanaf 7.00 nm. tot 9.00 nm. plaas. Dit is 'n uithouwedren oor twee uur, en ses trappers in elke span gaan probeer om die prestige-wedren tussen ons manskoshuise te wen.

Oom Piet Fotokuns beloof 'n prysgeld van R20 vir die wenners.

Vyftien inskrywings is alreeds ontvang, en dinge lyk sommer reg. Die baan sal as volg wees:

Vanaf die Hoofgebou tot by Plantkunde, links tot by Chemie, regs tot by die hek by Fisika, regs in Universiteitslaan tot by die hoofingang, regs voor Frans du Toit en die Biblioteek verby, weer tot by die hoofgebou.

Sterkte word die manne toegewens met hulle progings hierdie jaar, en Pukke, as julle baie nuuskierig is oor hoe die karre hierdie jaar daar uitsien, kom kyk Vrydagmiddag, 11 Mei, om 3 nm. wanneer die finale inspeksie plaasvind.



**Trapkardeskundiges besig om hulle voor te berg vir die twee uur uithou wedren.** *Fotokuns.*

# KARNAVAL KOMPETISIES

'n Nuwe benadering tot Karnaval is hierdie jaar deel van die Sentrale Karnaval-komitee se aanbieding op die tradisionele stalletjiesdag — hierdie jaar GOGGA-dag. Die koshuise op PUK word hiervolgens meer direk betrek deur middel van kompetisies op interkoshuisvlak.

Punte word toegeken (reeds in 'n vorige uitgawe van die Wapad gepubliseer) en die uiteindelike wenkoshuis kry die bedrag van R100 wat glad nie onopgemerk sal bly in enige „koshuiskas" nie.

'n Baie interessante aspek van ons koshuisstudente se benadering tot die kompetisies 'is hulle oorspronklikheid, asook die entoesiasme waarmee die saak aangepak 'is.

Die kompetisies vind tydens GOGGA-dag, 11 Mei, asook die vorige Woensdag- en Donderdagaande gedurende sleeptyd plaas.

**Woensdagaand, 9 Mei 1973, 6.30 nm.:**

Amptelike opening van die oorbrug oor die spoor — 'n Kort seremonie sal gevolg word deur Fietsrykompetisies vir ons mans- en damesstudente, waardeur hulle vaardigheid meer getoets sal word as spoed.

**Donderdagaand net na die amptelike opening van Karnaval '73:**

(1) Spaghetti-eet kompetisie vir Mans en Dames.
(2) Ons soek „Mej. Oorgewig" — een dame uit elke koshuis word so vet mootnlik opgestop.

**Vrydag: 11 Mei '73: GOGGA-dag:**

Die volgende kompetisies sal deur die gepubliseerde program ingewerk word:

- Wie kan die grootste borrel blaas met kougom.
- Kussinggevegte op 'n balk.
- Watter koshuis kan met die meeste persone die verste op 'n fiets ry.
- Grimering: een man uit elke koshuis kyk wie binne 10 minute die beste grimering aan 'n dame se gesig kan aanbring (dink aan die resultaat!!)
- Liter Coke — drinkkompetisie: spanne van 3 uit elke koshuis (mans en dames).
- Modeparade: dames „versier" 'n man volgens Egipties- of Arabiese styl.
- Roueiergooi tussen twee persone sonder dat dit breek (mans en dames).
- Persone kry vyf Marie-beskuitjies om te eet en kyk dan wie eerste kan fluit.
- „Haardoenkompetisie" vir dames.
- Piesang en melkskommel deur 'n tietiebottel drink.
- Wie kan die langste glimlag?
- Roueier-eet-kompetisie (?)!
- Veerpylties.
- Baksteengooi.
- Watter koshuis het die kortste, langste, vetste, maerste inwoner (vier verskillende persone uit elke koshuis word as span ingeskryf — mans en dames).
- Verspoeg.
- Vlugbal („volley ball").
- Meeste persone in telefoonhokkie by Uitspan.
- Wie kan die verste op 'n plastiese mat met water gly (mans).
- Krieketbalgooi (422 vt.).
- Meeste persone op kas van 6 vk. vt.
- Pyprook met 1 stopsel en 1 vuurhoutjie (64 minute).
- Skyfskiet.
- 'n Sekere tyd kry die persoon wat naaste aan 'n sekere plek op die kampus is 'n prys.
- Babervang in prof. Bossie se dam (by Tegniese Departement).

**Foto onder: Mnr. Tinus Smit van die Karnavalkomitee besig om karnavalhempies te verkoop voor die S.R.-kantoor.** *Fotokuns.*



MOTOLEK

Hierdie onderdele is by u plaaslike

MOTOLEK

verspreider verkrygbaar . . .

POTCH SPARES

Lombardstraat 39 - POTCHEFSTROOM - Tel. 6077, 4595

★

ELECTRICAL PARTS FOR JAPANESE CARS AND TRUCKS

motolek

# AAN STUUR VAN KARNAVAL




*Fotokuns.*

**Foto bo:**
Voorsitter: Kobus van der Walt.
O/Voorsitter:
Ekstern: Leon van Rooyen.
Intern: Vasie de Kock.
Sekretaresse: Engela Badenhorst.
Penningmeesters: Pierre Grobler, Willem Jonker.
Intern: Annamarie Visser.
Borge: Nic Louw.
Debutante Konvenor: Chris Hattingh.
Reklame: Tinus, Smidt, Drikus Venter.
Voorafgaande aksies: Jugr Prinsloo.
Kompetisies: Philip Helmand, Elizabeth Muller.
Pukkie Redakteur: Jan Henning.
Karnavaldoedies: Ester Rumpff.
Tegniese assistent: Steinman de Bruyn.
Filmpremiere: Dave van der Walt, Caro Naude.
Opening: Cornel Nagel, Hannalie Dreyer.
Konserte: Braam le Roux, Marie Prinsloo.
Onthale: Wim van der Loo. Louise Lombard. Annette van der Walt.
GOGGA-dag: Philip Louw, Ansie Kruger. Willemien Jehrling.
Vlotte: Jessica Knoetse.

## DEBUTANTE

Alhoewel daar nog heelwat debutantelyste uitstaande is, oortref die ingesamelde bedrag reeds die van vorige jare. Daar is alreeds ongeveer R5 000 ingesamel. Die bedrag behoort op te skuif na R8 000.

Drie honderd en vyftig debutante lyste 'is uitgedeel reeds aan die einde van verlede jaar. Alhoewel daar heelwat lyste leeg terug gekom het, was daar tog van die debutante wat die gees van „'n ware PUK" geopenbaar het. Die debutante sal onthaal word op 'n dinee wat hulle lank sal onthou.

Op die oomblik is daar nog 'n groot stryd om die eerste prys, nl. die oorsese toer. Die wenner van verlede jaar se eerste prys sal kan getuig dat haar moeite dubbel en dwars beloon is. As die Puk asters in die toekoms net besef dat dit die geleentheid van hulle lewe is om te kan sien hoe dit anderkant die groot water lyk, sal die debutante jaarliks vir duisende rande kan sorg.

Wie sal dan nog nee dankie sê vir die tweede prys van 'n dertiendaagse toer saam met „Atlas toere" geborg deur „Atlas toere". Dan is daar ook nog twee langnaweek toere ook deur Atlas Toere geborg. Die wenner vanjdie tweede prys sowel as die twee wenners van die langnaweek toere, kan kies waarheen hulle wil toer. Selfs die toer en die naweek waarop hulle wil gaan toer is aan hulle keuse oorgelaat.

Ons hartlike dank aan alle debutante wat hulleself as „die moeite werd" bewys het en laat ons elke jaar die vorige jaar se rekord oortref.




**Foto links: Karnvalldoedies v.l.n.r. Esther Rumpff, Almarie Friedland, Judie Venter, Agter: Elsa Pienaar.** *Fotokuns.*

## Penningmeester aan die woord

D.m.v. Karnaval poog die Pukke vanjaar weereens om fondse vir liefdadigheid in te samel. Dit, sam met die ontspanning wat daarmee gepaard gaan, is die primêre doel van Karnaval. In die verband is die sukses van Karnaval uitsluitlik afhanklik van die studente self.

Dit is onmoontlik om fondse in te samel indien een en almal nie bereid is om daarvoor te werk nie. Daarom is dit verontrustend om te sien hoe sommige eerstejaars al hulle Pukkies terugbring of 'n kollektelys ingee sonder dat hy of sy 'n sent ingesamel het en dit boonop as 'n prestasie beskou.

Dit is een van die groot redes waarom die wins wat met Karnaval gemaak word swak vergelyk met die wat ander universiteite maak. Heel dikwels is dit boonop; universiteite met 'n veel kleiner studentetal byvoorbeeld Rhodes, wat jaarliks minstens vier keer meer fondse insamel as die Pukke.

Afgesien van bogenoemde feite is daar vanjaar alreeds meer geld as verlede jaar ingesamel en Karnaval het nog nie eens begin nie.

Alles dui daarop dat die Pukke vanjaar alle vorige rekords betreffende fondsinsameling gaan oortref; iets waarop ons tereg trots kan wees.



**Foto bo: Rocco Erasmus wat tydens Karnaval van die PU.K.-kampus uitsaai.** *Fotokuns.*

## Aanslag op Wêreldrekord

Die Skermklub van die PUK gaan gedurende karnaval 'n wêreldrekord probeer opstel vir ononderbroke skerm.

Die span sal uit ses lede bestaan wat gaan poog om vir ten minste 48 uur aanhoudend te skerm. Die eintlike mikpunt is 60 uur ononderbroke skerm, maar indien 48 uur gehaal word sal dit as 'n rekord erken word.

Op die oomblik bestaan daar nog geen amptelike wêreldrekord vir ononderbroke skerm nie, en dus is dit binne hierdie persone se bereik om 'n rekord van hierdie naam agter die naam van die PUK en Suid-Afrika daar te stel.

Die ses persone wat die aanslag gaan maak is Sarel van der Walt, Charl Erasmus, Johan Kruger, Johan Fraising, Ernst Kruger en Leon Visser.


Hierdie poging sal deur 'n bekende koeldrank en vitamine voedsel maatskappy geborg word.

**Foto onder:**

**Agterste ry, v.l.n.r.: Hannie Kruger, Johan Freysen, Charl Erasmus.**

**Voorste ry, v,l.n.r.: Sarel van der Walt, Leon Visser, en Enrst Kruger.**



POTCH.
HEALTH
STUDIO

- MANS-
- DAMES-
- SUANA-
- LIGGAAMSBOU
- FIKSHEID
- YOGA

UITSIG ARKADE,
DIE BULT,
TOMSTRAAT

TELEFOON 6648

